

Personeel en studente gevra om kommentaar te lewer oor Transformasieverlag

Die Rektor en Visekanselier, prof. Frederick Fourie, het 'n beroep op personeel, studente en ander belanghebbendes gedoen om kommentaar te lewer oor die verslag van die Transformasieplantaakspan (TPTS) wat amptelik aan die Uitvoerende Bestuur oorhandig is.

Tydens die oorhandiging van die verslag aan die UB het prof. Fourie die taakspan bedank vir hul harde werk in die bestuur van 'n komplekse en tydrawende proses van beraadslaging en debat.

Volgens prof. Fourie is die werk van die taakspan nou voltooi en sal die Bestuur die proses verder voer na meer gedetailleerde planne en implementering, nadat belanghebbendes nog 'n geleentheid gegee is om hul menings te opper.

In 'n toespraak tydens die oorhandigingseremonie by die UB-vergadering, het dr. Ezekiël Moraka, Viserektor: Studentesake en een van die medevoorsitters van die TPTS, lede van die taakspan bedank vir hul moeite en opoffering wat meegebring het dat daar vordering was.

Hy het gesê dat die taakspan wyd met interne en eksterne belanghebbendes beraadslaag het en dat die verslag daardie kritiese areas aandui wat aandag benodig indien die UV wil voortgaan met sy volgende fase van transformasie.

Prof. Teuns Verschoor, Viserektor: Akademiese Bedryf en die ander medevoorsitter van die TPTS, het aan die UB gesê die verslag lê die grondslag vir ver-



Being empowered: Mr Vuyo Jack, Executive Chairman of BEE ratings agency Empowerdex, and Prof. Frederick Fourie, Rector and Vice-Chancellor of the UFS. Empowerdex and the UFS signed an agreement to train practitioners that will implement BEE across all sectors of the economy. Read article on p. 13.

dere bespreking en werk en moet as 'n vertrekpunt beskou word.

Hy het gesê die feit dat die TPTS hierdie verslag voltooi het, op die verbintenis van die taakspanlede tot transformasie dui en die verbintenis van die instelling as 'n geheel tot die proses.

Die tweede gedeelte van die verslag bestaan uit 'n voorgestelde plan om hierdie proses vorentoe te neem. Die plan is op daardie kritiese areas gebaseer wat

aandag benodig en opper 'n paar voorlopige voorstelle oor hoe hierdie areas aangespreek moet word. Hierdie voorstelle sal so gou as moontlik deur die Bestuur oorweeg word om 'n reaksie te formuleer en om die voorstelle verder te neem in 'n beplande proses wat taakspanne en bestaande komitees betrek. 'n Aantal werkswinkels en dinkskrums kan ook gereël word om verdere insette van personeel, studente en belangstellende partye te bekom.

Transformasieverlag.. vervolg op bl.2



Chrysalis
advertising & publishing
T 082 728 4860 F 051 522 1695

Design and layout of

- Logo's
- Gazebo's
- Flyers
- Brochures
- Books
- Newsletters
- Posters
- Annual Reports
- Folders
- Rollout Banners
- Banners
- Academic Posters

Harmony learns more about UFS



At the visit were, from the left, front: Prof. Leticia Moja, Dean: Health Sciences, Prof. Frederick Fourie, Rector and Vice-Chancellor, Prof. Helena van Zyl, Director: School of Management, Dr Ezekiel Moraka, Vice-Rector: Student Affairs, Dr Zandile Mokgatle, Group medical officer, Harmony; back: Mr Bernard Swanepoel, Chief Executive Officer of Harmony, Prof. André Roodt, Department of Chemistry, Mr Peter Steenkamp, Chief Operating Officer on the Executive Committee, Harmony, Mr Jackie Mathebula, Executive: Corporate Affairs, Harmony, and Mr Jaco Boshoff, Ore Resources Executive and Competent Person, Harmony.

A group from Harmony visited the Main Campus to explore possible partnerships with the university and to introduce the university and its activities to Harmony. Health, corporate social responsibility,

sports, arts and culture, geology, economics and management were some of the activities introduced to Harmony. This initiative forms part of the university's outreach to the business community.

Culture of research strong focus at workshop



The Centre for Higher Education Studies and Development (CHESD) at the UFS presented a workshop on research leadership and how to build a culture of research and publishing in an academic department on the Main Campus in Bloemfontein. Here are, from the left: Ms Yolande Goosen, Research Assistant at the Department of Pediatrics and Child Health, Ms Yu-Fang Wen, Lecturer at the UFS Department of Mercantile Law, Prof. Jonathan Jansen, Dean of the Faculty of Education at the University of Pretoria and presenter of the workshop, and Ms Annette Prins, organiser from the Division of Performance Management and Staff Development at the CHESD.

Transformasieverlag... vanaf bl.1

Die TPTS se verslag is ook by die Senaatsvergadering voorgelê, waar daar konsensus was oor die behoefte om aan alle belanghebbendes en spesialiste in spesifieke areas die geleentheid te gee om insette te lewer betreffende verdere beraadslaging oor transformasie by die UV.

Van die beskouings geopper deur die Senaatslede, is die behoefte aan 'n inklusiewe debat oor, onder meer, die konsep van transformasie, die behoefte om strenger en meer konsekwent te wees oor wat met die idee van die Afrika-konteks en Afrika-oriëntering bedoel word; die behoefte om te verseker dat gehalte en uitnemendheid prominent na vore kom in die transformasiedebat; en die behoefte om persepsies aan te spreek omtrent die wyse waarop parallelmediumtaalonderrig werklik geïmplementeer word.

'n Eerste ronde van bespreking van die TPTS-verslag deur die Uitvoerende Bestuur sal by die UB-beeraad in Januarie 2007 plaasvind. Ter voorbereiding hiervan word personeel, studente en ander belanghebbendes uitgenooi om hul opinies te lug. Kommentaar kan via e-pos gestuur word aan: transform@uovs.ac.za tot en met 5 Januarie 2007.

Die verslag is in Afrikaans by die volgende skakel beskikbaar: http://www.uovs.ac.za/faculties/documents/Z4/Transformation/TPTT_Sepember_2006_Afr.pdf

Die verslag is in Engels by die volgende skakel beskikbaar:

http://www.uovs.ac.za/faculties/documents/Z4/Transformation/TPTT_September_2006_eng.pdf

Die Transformasieplan is in Afrikaans beskikbaar by: http://www.uovs.ac.za/faculties/documents/Z4/Transformation/TPTT_Operational_Plan_16_Oct_1_Afrikaans.pdf

Die Transformasieplan is in Engels beskikbaar by:

http://www.uovs.ac.za/faculties/documents/Z4/Transformation/TPTT_Operational_Plan_16_Oct_1Engels_geredigeer.pdf

Ooreenkoms met universiteit in Nederland voordelig vir UV

Die Bestuurskool aan die UV in die Fakulteit: Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het 'n formele samewerkingsooreenkoms met die De Haagse Hogeschool (universiteit) in Den Haag, Nederland. Onlangs het die Bestuurskool besoek ontvang van mnr. Frank Termes en mnr. Frans Dijkstra, onderskeidelik direkteur en bestuurder aan die De Haagse Hogeschool.

In meer as een opsig beteken dié ooreenkoms baie vir die Bestuurskool. Een van die uitvloeisels van die samewerkingsooreenkoms is 'n studente-uitruilingsprogram. Geselekteerde derdejaar-B.Com.-studente in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aan die UV voltooi 'n semesterkursus by die De Haagse Hogeschool. 'n Verdere voordeel van die ooreenkoms tussen die twee instansies is die wedersydse uitruil van onderrigpersoneel. Die ooreenkoms gee ook aan die fakulteit die geleentheid om buitelandse moderatore in te bring vir nagraadse modules en kursusse, wat nuwe betekenis aan die begrip "benchmarking" gee.

Volgens prof. Tienie Crous, Dekaan van die Fakulteit: Ekonomiese en



By die besoek was, van links: mnr. Frans Dijkstra, Bestuurder aan die Den Haagse Hogeschool, me. Erika du Preez, Fakulteitsbestuurder aan die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, mnr. Frank Termes, Direkteur aan die Den Haagse Hogeschool, prof. Helena van Zyl, Direkteur: Bestuurskool, en prof. Tienie Crous, Dekaan: Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

Bestuurswetenskappe aan die UV, is die doel van die besoek om onderrig en leer aan beide instellings deur onderlinge samewerking te bevorder, tot voordeel van sowel

onderrigpersoneel as studente. "Navorsingsbevordering in samewerking met hierdie internasionale vennoot word ook nagestreef," sê prof. Crous.



Moorivier
Makelaars /Brokers



SPESIALISEER IN KORTTERMYNVERSEKERING SPECIALISING IN SHORT-TERM INSURANCE

Kontak ons by/ Contact us at Tel: (051) 447 6877
Faks / Fax: (051) 447 5758 of
e-pos / e-mail: mmbloem@mweb.co.za

Puik dienslewering deur persoonlike kontak, effektiewe eisebestuur en risiko beperking, wat lei tot lae premies en u gemoedsrus te bied.

Excellent service delivery through personal contact, effective claims and risk management, which results in lower premiums to give you peace of mind.

Qwaqwa librarian nominated for prestigious award

Mr Stoffel Kok Senior Librarian on the Qwaqwa Campus has been nominated for the Free State's Bookdata/SAPnet President Award for Deserving LIASA (Library and Information Association of South Africa) members. Mr Kok has been an active member of LIASA since the foundation of the association and he was one of the founders of the Eastern Free State sub branch of LIASA.

The library's book collection has grown from 15 000 to 60 000 and a computer laboratory has been established in the library as well. Mr Kok has also initiated a project for upcoming authors. This project makes an important contribution to the cultural development of the Eastern Free State.



Mr Stoffel Kok.

UFS implements B.Ed. degree on Qwaqwa Campus

The UFS has taken a step to address the shortage of teachers in the country by offering a B.Ed. degree in the further education and training (FET) phase at its Qwaqwa Campus as from January 2007.

"The accredited B.Ed. qualification provides an opportunity to students to empower themselves to become professional teachers in secondary schools. It is also suitable for the training of experts in education-related careers such as instructors and trainers," said Dr Elias Malete, acting principal of the UFS Qwaqwa Campus.

According to Dr Malete, education in South Africa is heading for a disaster owing to the large-scale exodus of teachers combined with the low enrolment figures of prospective teachers. "Approximately 19 000 teachers leave the teaching profession annually, while all the training institutions in the country only manage to produce 4 800 new entrants to the profession," he said.

"Indications are that a considerable number of students, especially from

KwaZulu-Natal, want to study education at the Qwaqwa Campus. The implementation of the course will also address the need for qualified teachers in the country and contribute to the sustainability of the campus," said Dr Malete.

"The B.Ed. is a four-year course. Prospective students who do not meet the admission requirements may enroll for a one-year career preparation programme and successful completion will provide them with admission to the degree the following year. Prospective students with an M score of 24-27 may enroll for an extended B.Ed. programme over a period of five years," said Dr Malete.

Other education programmes that are offered at the Qwaqwa Campus include a B.Ed. Honours degree in Curriculum Studies, a B.Ed. Honours degree in Education Management and Leadership and a Postgraduate Certificate in Education (PGCE).

Prospective students may call 058 718-5000 or visit the UFS web site at www.uovs.ac.za for more information.

O ka thusa Yunivesithi ya Freistata ho lwantsha bobodu le boqhekanyetsi

Letsetsa Mohala wa Potlako wa Boqhekanyetsi Yunivesithing Mohala wa Potlako wa Boqhekanyetsi o sebetsa tjena:

Khato ya pele: Letsetsa mohala ho 0800 20 50 38 nomorong e sa lefellweng. Nomoro e ka sebediswa dihora tse 24 ka letsatsi, matsatsi a supileng ka beke.

Khato ya bobeli: Ha ho hlokahale hore o fane ka lebitso la hao, empa o ka fana ka tlhahisoleseding le dintlha ka botlalo ho motho ya tla araba mohala.

Khato ya boraro: O tla fuwa nomoro ya tshupiso – boloka nomoro ena e le lekunutu la hao hobane o tla e hloka nako e tlang ha o letsetsa Mohala wa Potlako ka taba eo o e tlalehileng pejana.

Ba Mohala wa Boitshwara wa KPGM ba araba Mohala wa Potlako. Mehala e arajwa ke motho ya sa sebetseng Yunivesithing ho nnetefatsa hore lesedi leo o faneng ka lona ke lekunutu. Le ha o ka etsa qeto ya ho fana ka lebitso la hao, tlhahisoleseding le boitsebiso ba hao, tsena tsohle di tla dula e le lekunutu. Sebedisa monyetla ona ho thibela boshodu le boqhekanyetsi yunivesithing.

Computer Services now render after-sales service on Dell equipment

A group of 15 staff members from Computer Services completed the Dell Certified System Engineer course. The university is in the process of implementing Dell on campus.

Skills learnt during this course will enable Computer Services to deliver an after-sales service on campus. Mr Allen Bligh, instructor from Chisa Technologies in Johannesburg and Dell service partner, conducted the training.

Ho ipiletswa ho basebetsi ho bua ka pehelo ya diphetoho

Moreketoro le Motlatsa-Mokanse-iri, Moprof. Frederick Fourie, o ipiletsa ho basebetsi, baithuti le bohle ba amehang ho bua ka pehelo ya Sehlopha sa Tshebetso sa Leano la Diphetoho eo ho nehelanweng ka yona ho ba Botsamaisi ba Phethahatso.

Nakong eo ho neng ho nehelanwa ka pehelo ena ho ba Botsamaisi ba Phethahatso, Moprof. Fourie o ile a leboha sehlopha sena sa tshebetso ka mosebetsi o boima ho kgona mosebetsi wa dikopano le dipuisano tse neng tse thata ebile di nkile nako e ngata.

Ho ya Morof. Fourie, mosebetsi wa sehlopha sa tshebetso o phethilwe mme jwale ho matsohong a Botsamaisi ho ntshetsa tshebetso ena pele malebana le meralo e nang le motheo esitana le phethahatso ya wona, ka mora hore bohle ba amehang ba newe monyetla ho hlalisa maikutlo a bona.

Motlatsa-Moreketoro, Ngaka Ezekiel Moraka, ha a ne a bua nakong ya mokete wa ho nehelanwa ka pehelo ena Komiting ya Botsamaisi ba Phethahatso o ile a re: Ditaba tse mabapi le baithuti esita le tsa bodulasetulo bo kopanetsweng ba Sehlopha sa Tshebetso sa Moralo wa Diphetoho, o lebohile ditho tsa sehlopha sena sa tshebetso ka boikgathatso ba bona le boitelo bo tiisitseng hore e be ho bile le katleho.

O boletse hore sehlopha sena sa tshebetso se ile sa ikopanya le ba amehang ka hare le ka ntle ka bophara mme pehelo ena e bontshitse dintlheng tse thata tse hlokang ho tadingwa haeba Yunivesithi ena ya Freistata e tlamehile ho tswela pele ka boemo bo latelang ba diphetoho.

Moprof. Teuns Verschoor, Motlatsa-Moreketoro: Botsamaisi ba tsa Thuto e Phahameng, le motlatsa-modulasetulo e mong wa kopanelo wa Sehlopha sa Tshebetso sa Leano la Diphetoho, o boletse ba Botsamaisi ba Phethahatso hore pehelo ena e hlomme motheo bakeng sa dipuisano tse ding le mosebetsi o mong mme e tadingwe e le tshimoloho ya tsohle.

Karolo ya bobedi ya pehelo ena e na le moralo wa ho tswela pele ka tshebetso

ena. Moralo ona o theilwe hodima dintlha tseo tse thata tse hlokang ho tadingwa le ho etsa dihlhahiso pele hore na buisanwe jwang ka dibaka tsena. Tsena di tla tadingwa ke ba Botsamaisi hangfeela ho fana ka karabelo le ho ntshetsa dihlhahiso tsena pele tshebetso e radilweng e kenyeletsang dihlopha tsa tshebetso esitana le dikomiti tseo di ntse di le teng. Dikopano tsa dikopano tsa dithuto le tsa ho hlalefisa le tsona di ka hlophiswa ho boela ho eketswa hape diphehiso tsa basebetsi, baithuti le bohle ba nang le thahasello.

Pehelo ena ya Sehlopha sa Tshebetso sa Leano la Diphetoho e ile ya boela ya hlaliswa kopanong ya Senate, moo ho bileng teng ditumellano tlhokong ya ho fana ka monyetla ho bohle ba amehang le ditsebi dintlheng itseng ho fana ka diphehiso mabapi le dipuisano hape ka diphetoho tsa Yunivesithi ya Freistata.

Hara maikutlo a hlalhisitsweng ke ditho tsa Senate ke: tlhoko ya puisano e

akaretsang bohle, hara tse ding, lentsewe lena la diphetoho, tlhoko ya ho tiisa kapa ho tiya le ho dula re le motjheng hore na ho bolelwa eng ka menahano ya bo-Afrika le thuto ya bo-Afrika; tlhoko ya ho tiisa hore ho ba teng boleng le bokgabane ka dinako tsohle ditabeng tsa diphetoho; le tlhoko ya ho buisana ka mehopollo eo ka yona thupelo ya dipuo tse pedi tse sebediswang ha mmoho e phethahatswang ka yona.

Dipuisano tsa pele tsa pehelo ya Sehlopha sa Tshebetso sa Leano la Diphetoho e tlang ka Botsamaisi ba Phethahatso e tla ba teng kopanong e kgolo ya Botsamaisi ba Phethahatso ka Pherekong 2007.

Le ha ho le jwalo, boitokisetso ba yona, basebetsi, baithuti, le ba bang ba amehang ba mengwa ho ntsha maikutlo a bona. Diuo di ka lebiswa ho: transform@uovs.ac.za ka lengolo le tlang ho fihla ho rona ka la 5 Pherekong 2007.

Vista students lay down Ethical Code



Almost 80 law students from the UFS Vista Campus have laid down the Ethical Code of the Faculty of Law. During the ceremony were, from the left, front: Dimakatsho Molefe, Prof. Johan Henning, Dean of the Faculty of Law, Gerson Boucher and Elias Mantso; middle: Thabo Mphore, Thabang Kompi, Ms Shirley Hyland, lecturer at the Department of Mercantile Law, and Dineo Qheku, back: Teboho Ntshewana, Kitso Mokhotsi and Patrick Maxaka. The students are members of the Juridical Society of the Vista Campus.

Temming ontvang Steyn-toekening

“Sonder die estetiese is die mensdom armer,” het prof. Hennie van Coller van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die UV aan die klein geselskap wat die jaarlikse Helgaard Steyn-toekening bygewoon het, gesê. Dié toekening word jaarliks afwisselend aan 'n komponis, 'n skilder, 'n Afrikaanse skrywer, of 'n beeldhouer toegeken. Vanjaar is die toekening aan prof. Roelof Temming, baie bekende komponis, oorhandig vir sy *Kantorium vir soliste, koor en orkes*. Dit was 'n werk in opdrag vir die Lutherse Kerk in Duitsland vir sy feesvieringe in 2004.

Kunstenaars in Suid-Afrika kon hul werk inskryf, waarna 'n komitee bestaande uit mnr. Noel Stockton aan die UV en prof. Berta Spies van die Noordwes-Universiteit die genomineerde werke beoordeel het. Mnr. Johan Swanepoel, Streeksbestuurder van Absa Trust het die Helgaard Steyn-toekening aan prof. Temming oorhandig. Die R120 000 is tans die grootste prys vir die kunste in Suid-Afrika.



By die oorhandiging van die Helgaard Steyn-toekening was, van links: prof. Hennie van Coller, Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die UV, mnr. Noel Stockton, Departement Musiek aan die UV en beoordelaar, prof. Roelof Temming, wenner van die Helgaard Steyn-toekening, prof. Berta Spies, Noordwes-Universiteit en beoordelaar, en mnr. Johan Swanepoel, Streeksbestuurder by Absa Trust.

UFS team most profitable at JSE



Four students from the Department of Economics at the UFS won the JSE/Liberty Life University Investment Challenge. The team, who beat more than a hundred teams from other universities by managing the most profitable portfolio of shares on the JSE Securities Exchange, were, from the left: Qing Qing Zhang, Chen Shen, and Xi Chu. Haipeng Mu was also part of the team, but absent when the photo was taken. The competition ran for a six-month period (from March to September) and teams had to trade on the JSE by making use of a simulated trading programme. The team won R25 000.

Value of eye tracking focus at inaugural lecture



Prof. Pieter Bignaut of the UFS's Department of Computer Science and Informatics, delivered his inaugural lecture on the value of eye tracking in the quest for usable interfaces. Attending the lecture were, from the left: Prof. Theo McDonald, lecturer at the UFS Department of Computer Science and Informatics and mentor of Prof. Bignaut, Prof. Teuns Verschoor, Vice-Rector: Academic Operations, Prof. Bignaut and Prof. Herman van Schalkwyk, Dean of the Faculty of Natural and Agricultural Sciences.

Motorskema word weer ingestel

Die UB het goedgekeur dat 'n motorskema vir personeel heringestel word. Die skema is in November 2006 geïmplementeer. Volgens mnr. Chris Liebenberg, Direkteur: Finansies, sal die struktuur van die motorskema waar die totale jaarlikse koste van die voertuig tot 25% van die totale vergoedingspakket van die personeel beperk word, in wese dieselfde bly, met 'n paar veranderinge.

'n Salarisprysgawe sal vir die koste van die voertuig gedoen word met die gepaardgaande belastingvoordeel. Die salarisprysgawe vir die koste van die voertuig sal egter uitgebrei word om die koste van kapitaal, asook die totale loopkoste bv. brandstof, onderhoud, versekering en lisensies, in te sluit. "Aangesien hierdie koste uit voorbelaste inkomste verhaal word, bring dit 'n verdere belastingvoordeel mee," sê mnr. Liebenberg. Die voertuig sal steeds deel van die korttermynversekeringsportefeulje van die universiteit uitmaak. Personeel bly ook steeds verantwoordelik vir die betaling van boetes.

"Nadat 'n deposito betaal is en die prys verminder is, sal die waarde van die voertuig vasgestel word," sê mnr. Liebenberg. Die skema maak voorsiening vir 'n reswaarde gebaseer op 'n billike markwaarde van die voertuig.

Nog goeie nuus vir personeel wat in die skema belangstel, maar ook hul begroting dophou, is dat rente teen 'n laer koers, dit is prima min 2,25%, bereken word (voorheen prima minus 1%) en sal bereken word op die kapitaal voor BTW. Voertuie sal teen supervlootafslag aangekoop word, wat 'n verdere besparing teweeg kan bring. Indien 'n personeel 'n nuwe voertuig teen 'n laer prys kan aankoop, sal die voertuig teen die verminderde prys aangekoop word. Die termyn kan oor enige tydperk gestruktureer word om dus meer by die individuele behoeftes van personele aan te pas.

Tweedehandse voertuie wat aan sekere vereistes wat ouderdom en

afstand afgelê voldoen, mag steeds aangekoop word.

Avis is aangestel om die motorskema namens die universiteit te bedryf. Personele sal van 'n vlootkaart voorsien word wat vir alle instandhouding en brandstof gebruik moet word. Instandhouding word teen supervlootpryse gedoen en personele het 'n keuse hoe hul instandhouding wil struktureer. 'n Motorsorg-insentief mag aan personeel betaal word as motivering vir verantwoordelike sorg van die voertuig. Indien die werklike koste van alle instandhouding minder is as die geallokeerde bedrag vir instandhouding, word 'n gedeelte van hierdie verskil aan die UV terugbetaal. Hierdie bedrag sal aan personeel betaal word as 'n belasbare bonus drie maande na verstryking van die termyn. Voertuie moet deur 'n goedgekeurde handelaar vir die fabriek onderhou word. Probleme wat met die voertuig of instandhouding van die voertuig ondervind word, kan in samewerking met Avis hanteer word.

Personeel is nie verantwoordelik vir tekorte wat mag ontstaan wanneer die voertuig verkoop word nie, maar sal steeds verantwoordelik wees vir die koste wat nie deel van normale slytasie of gebruik, soos deur die South African Vehicle Rental and Leasing Association aangedui, uitmaak nie.

Die skema is goedgekeur op die beginsel dat dit nie addisionele koste vir die universiteit tot gevolg sal hê nie. "Personele wat reeds van die bestaande skema gebruik maak, sal die opsie gebied word om in die gewysigde skema geïnkorporeer te word, alhoewel dit nie verpligtend is nie," sê mnr.

Liebenberg.



UV bou superrekenaar



Mnr. Albert van Eck.

Personeel van Rekenaardienste op die hoof kampus het in drie maande 'n supernavorsingsrekenaar gebou waarby enige departement aan die universiteit kan baat vind as hulle simulaties met parallelle verwerkings nodig het. Die rekenaar bestaan uit 62 gewone rekenaars wat aan 'n netwerk gekoppel is om parallelle verwerkings te doen. In ongeveer vier minute kan dié rekenaar vergroot word, deur nog 'n node (rekenaar) by te voeg.

Volgens mnr. Albert van Eck, stelselprogrammeerder by Rekenaardienste, kan dosente van die Departemente Mediese Fisika, Mikrobiologie en Biochemie en Chemie die rekenaar gebruik om verskillende simulaties gelyktydig te doen.

Die grootste voordeel van die rekenaar is die tyd wat dit spaar. 'n Aksie wat gewoonlik tien dae sou neem, word nou in 24 minute gedoen.

Supernavorsingsrekenaars is algemeen by ander universiteite en in die bedryf. Met ondersteuning van sy kollegas in Rekenaardienste het mnr. Van Eck besluit om ook so 'n rekenaar te bou. "Ons gaan egter ook personeel van Rekenaarwetenskappe nader vir nuwe idees en vaardighede," sê hy.

Mnr. van Eck nooi alle personeel wat belang stel om hulle sageware op die supernavorsingsrekenaar te toets om hom te kontak by vanecka.rd@mail.uovs.ac.za.

Health audit in the pipeline for next year



Prof. Niel Viljoen, Chief Director: Operations, handed certificates to Wellness Forum Members to acknowledge their contributions to wellness on campus. From the left are, front: Ms Anita Lombard, UVPERSU, Dr Rika van Schoor, CHESD; back: Prof. Viljoen and Mr Pieter Fourie, Computer Services.

This year the Wellness Committee accommodated service workers, top management as well as pensioners in its activities to promote wellness on campus and to assist staff members to manage their health. Approximately 1200 staff members attended the sessions that were presented by the committee on the Main Campus. The Qwaqwa Campus also presented a number of information sessions as well as some wellness activities such as lunch hour walks.

Ms Annette Prins, from the Centre for Higher Education Studies and Development (CHESD) and also the newly elected chairperson of the Wellness Committee, said: "Next year the overall focus will be on taking health to the people in their place of work. A number of interventions are lined up to achieve this goal. In our planning we are making provision for bigger projects such as a health audit, health risk assessment screenings, staff

development in an organisational context (e.g. teambuilding, conflict resolution) as well as smaller projects such as social events after staff members expressed the need to interact in a social context. We will also include some deeper discussions in next year's programme that will add value to the lives of our staff members.

"The Wellness referral office, in the Benito Khotseng Building on the Main Campus, will continue to exist in 2007 and staff members are welcome to make use of this service. This year we helped people who were traumatised, who were under-achieving at work, and with stress related problems. These staff members were mostly referred by forum members and their line managers.

"Dr. Louis Holtzhausen, who was the chairperson of the Wellness Committee, stepped down from his position in October 2006. We thank him for all his input and commitment to wellness," said Ms Prins.

Staff to get minimum of 5,4 percent salary increase

The UFS management and trade unions have agreed on a salary increase that can vary between 5,4 and 7,0 percent, depending on the subsidy received from government. A once-off non-pensionable bonus of R2000 will be paid in December 2006. The agreement was signed by representatives of the UFS management and the trade unions, UVPERSU and NEHAWU.

"As the state subsidy level is unfortunately not yet known, remuneration could vary several percentage points between a window of 5,4 and 7 percent," said Prof. Niel Viljoen, Chief Director: Operations at the UFS and chairperson of the UFS Council's negotiating team.

The bonus will be paid in December 2006 to staff members who were in the employ of the UFS on UFS conditions of service on 15 November 2006 and who assumed duties before 1 October 2006.

The agreement also provides for the implementation of an automatic annual salary notch adjustment for service workers in the lowest category. All new appointments in this category will be appointed at the new entry level (which was previously a fixed notch). An additional R500 000 will also be allocated to accelerate the rate of phasing in the medical fund allowances.

The implementation date for the salary adjustments is 1 January 2007, but could possibly be implemented only at a later stage due to logistical reasons. The adjustment will be calculated on the total remuneration package.

The agreement also applies to all staff members of the Vista and Qwaqwa Campuses whose conditions of employment have already been aligned with those of the Main Campus.



More buy in to Economics training in schools



Departments of Education of five more provinces in South Africa have bought in to the outreach programme of the National Council on Economic Education (NCEE) in the United States (US) that aims to improve the quality of the training in Economics of teachers and lecturers across the world. At a recent workshop where heads of the various Departments of Education were present and received information on this project, were, from the left: Dr Radhika Bridgemohan, Department of Education: KwaZulu-Natal, Dr Patricia Elder, NCEE Vice-President in Washington DC, Dr Thula Mbatha, Chief Director in the Department of Education in KwaZulu-Natal, Dr Frank Peters, Director: Curriculums in the Department of Education in the Eastern Cape; back: Prof. Klopper Oosthuizen, Department Agricultural Economics at the UFS and initiator and coordinator of the project.

Twee van Strategiese Beplanning wen pretstap



Die UV se Welstandskomitee het vir personeel 'n pretstap op kampus aangebied. Die wenners van die pretgeleentheid was prof. Johnny Hay, in die kantoor van die Registrateur: Strategiese Beplanning, en me. Wilma Steinmann van dieselfde kantoor. Die wendepartement was die Departement Openbare Bestuur in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Hulle het 'n ontbyt gewen, geborg deur die Compass groep. Hulle het die hoogste persentasie stappers gehad wat deelgeneem het en volgens 'n kort mediese vraelys was hulle die gesondste departement.

Ons hoor graag van u We would like to hear from you

1. In watter departement of afdeling werk u? / In which department or division are you working?
.....

2. Dui aan u huistaal: / Indicate your home language:

Afrikaans

Engels / English

Ander / Other

3. In watter ouderdomskategorieë val u? / In which age category are you?

Jonger as 25 / Younger than 25

26-35

36-45

46-55

56-65

Ouer as 65 / Older than 65

4. Dui u geslag aan: / Indicate your gender:

Manlik / Male

Vroulik / Female

5. Bevolkingsgroep? / Population group?

Wit / White

Swart / Black

Kleurling / Coloured

Indiër / Indian

6. Hoe gereeld lees u Dumela? / How often do you read Dumela?

Altyd / Always

Soms / Sometimes

Nooit / Never

7. Wat lees u eerste in Dumela? / What do you read first in Dumela?
.....
.....
.....

8. Waaroor wil u graag lees? / What would you like to read?
.....
.....
.....

9. Sal u bereid wees om in Dumela te adverteer? / Would you be prepared to advertise in Dumela?

Ja / Yes Nee / No

10. Enige kommentaar wat u wil lewer. / Any comments you would like to make.
.....
.....

11. Besonderhede van respondēt (Nie verpligtend) / Details of respondent (Not compulsory)
.....
.....

Stuur die antwoorde na: / Send your answers to:

L. Bolleurs

Kamer 49, Hoofgebou

UV

Posbus 2319

Bloemfontein 9300

Room 49, Main Building

UFS

P O Box 2319

Bloemfontein 9300

Personeel ernstig oor hul werk

Vanjaar het daar in totaal 144 akademiese personeellede in die Fakulteit Geesteswetenskappe personeelontwikkelingsgeleenthede bygewoon. “Ons is baie trots op die personeel se entoesiasme en toewyding om hul onderriggehalte te verbeter,” sê dr. Hannemarie Bezuidenhout van die Dekaaanskantoor: Fakulteit Geesteswetenskappe wat opleidingsgeleenthede in dié fakulteit koördineer.

Prof. Gerhardt de Klerk, Dekaan van die Fakulteit Geesteswetenskappe sê: “Ons moet besef dat ons verskillende studente van verskillende kulture onderrig. Dié studente leer op verskillende wyses. Ons moet ’n mengsel van onderrigmetodes aanwend om almal te akkommodeer, daarom is dit belangrik om die personeelontwikkelingsgeleenthede by te woon.”

Prof. de Klerk het ’n funksie gehou waar hy aan die personeel wat die ontwikkelingsgeleenthede bygewoon het, erkenning gegee het.



By die funksie was, van links: prof. Okkie Combrinck, Hoof: Tegnologiese Opvoedkunde, prof. Magda Fourie, Viserektor: Akademiese Beplanning, prof. Gerhardt de Klerk, Dekaan: Fakulteit Geesteswetenskappe, dr. Hannemarie Bezuidenhout, Bestuurder: Onderrig en Leer in die dekaanskantoor, en mnr. Brian Naidoo, dosent van die Departement Engels en Klassieke Tale.

Sekretaresse leer meer oor protokol

'n Groep sekretaresse op kampus het onlangs ’n aanbieding oor protokol bygewoon wat aangebied was deur Helena Burger en Vennote. Volgens me. Burger is dié amptelike vorm van doen nie net belangrik om verleenheid te voorkom nie, maar kan geld en tyd ook gespaar word.

Deur bewus te wees van die regte protokol kan sosiale etiket en kulturele en godsdienstige reëls waargeneem word en taboes vermy word om sodoende kommunikasie te verbeter. ’n Paar interessante wenke wat sy gedeel het is:

- Tydens ’n funksie moet die persoon wat die mense uitnooi, optree as gasheer en die gaste ontvang. Die reaksie sal baie positiewer wees as wat iemand anders gaste ontvang.
- By ’n funksie, hou jou servet, bordjie en glas in die linkerhand, sodat jy ’n hand oop het om mense te groet.
- Wanneer uitnodigings uitgestuur word, moet die persoon aan wie dit gerig is, se naam in swart geskryf word op die uitnodiging.
- Laat 10 minute toe vir laatkommers by ’n funksie.



By die protokolwerkswinkel was, van links: me. Suzelle Bester van die Sentrum vir Hoëronderrisstudies en Ontwikkeling en koördineerder van die werkswinkel, mnr. Fred Kruger, UV-Bemarking, me. Helena Burger van Helena Burger en Vennote en aanbieder van die werkswinkel, en me. Ouma Losabe, sekretaresse.

- Wanneer ’n persoon drie keer nee sê wanneer genooi vir ’n funksie, kan jy hom van jou uitnodigingslys afhaal.
- Die mees belangrikste persoon praat altyd laaste, behalwe by ’n gradeplegtigheid.

Time out with ...



'Make a positive difference'



Dr Bukirwa Irene Kamara.

Dr Irene Kamara, Senior Lecturer at the Department of Chemistry started working at the UFS in 2001. Prior to that she worked as medical technologist at the Moroka hospital in Thaba 'Nchu after she and her husband and their son left Uganda.

Fourteen years after completing her Honours degree in Uganda, Dr Kamara decided to resume with her studies. She completed her Masters in *Organic chemistry, natural products and synthesis* in 1997 and her in Ph.D. on the same topic, focusing on honey bush tea in 1999.

